	1976	1977
Deficit (excluding borrowing and repayment of debt)	936	816
Financed by:		
Domestic non-banking sources . . .	380	461
Public Debt Commissioners	202	312
Paymaster-General	120	—
Private sector	58	148
Monetary banking sector	550	341
Foreign sector	6	15
Total	936	816


years. A maximum of R40 000 may be invested in the new bonds, irrespective of holdings in other tax-free bonds. The new Defence Bonus Bonds, announced by the Minister of Finance in his March 1977 Budget speech, will be available for investment by individuals from 1 October 1977. These Bonds will be issued at Post Offices in units of R5 and will participate in a monthly draw for Prize Bonds. The interest on both types of Bonds, as well as the capital amount of prizes allocated in the form of Prize Bonds, will be exempted from income tax.

Capital market


Conditions in the fixed-interest security section of the capital market eased noticeably during the second quarter of 1977 and the subsequent two months. This easing also became evident in the share market during July and August, but the other sections of the capital market, namely the mortgage and real estate markets, remained depressed throughout the period April to July 1977.

The easing of the fixed-interest security market was reflected in lower yields on new issues of most classes of securities and in the over-subscription of virtually all new issues of semi-gilt-edged stock. The yield on new issues of the highest grade long-term semi-gilt-edged stock, which had reached a peak of 12,98 per cent in February, declined to a level of 12,60 per cent in June

Yields on fixed-interest securities



Yield margin between long-term semi-gilt and gilt-edged stock



and further to 12,50 per cent in August. Similarly, the yield on new issues of company loan securities declined from 13,80 per cent in March to 13,65 per cent in August. The yield on new issues of long-term government stock remained unchanged at 11 per cent, but this yield became better aligned with other long-term fixed-interest security yields. Thus, the margin between the yields on long-term semi-gilt and gilt-edged stock narrowed from 1,98 per cent in February to 1,50 per cent in August, which was still considerably higher than the average margin of 0,88 per cent for the five years up to the end of June 1977.

After a temporary improvement in share prices during December 1976 and January 1977, most classes of share prices declined almost uninterruptedly until June, but showed signs of recovery during July and August. The accompanying table shows the movement in the prices of the principal classes of shares.



Percentage change in share prices

Class of share	Change	
	Jan. to June 1977	June to Aug. 1977
Gold mining	-7,7	12,1
Coal mining	-0,6	-2,5
Other metals and minerals	—	9,4
Financial	-7,4	10,4
Industrial and commercial	-7,4	4,5

The seasonally adjusted flow of longer-term funds to deposit-receiving and related institutions during the second quarter of 1977 was somewhat lower than during the preceding quarter. Savings and long-term deposits with banking institutions, seasonally adjusted, increased by R117 million during the second quarter, compared with R198 million during the first quarter of 1977. The seasonally adjusted intake of new funds by building societies during the second quarter amounted to R136 million, which was approximately equal to the corresponding amount for the first quarter. However, the total intake for the first six months of 1977 was 14 per cent less than that for the last six months of 1976. The seasonally adjusted flow of funds to the building societies during July amounted to R42 million, which was about 8 per cent lower than the monthly average for the second quarter. Participation mortgage bond schemes, which had experienced an outflow of funds of R8 million, seasonally adjusted, during the first quarter, recorded an inflow of R10 million during the second quarter. The seasonally adjusted flow of funds to government savings facilities, including the Post Office Savings Bank, was at a somewhat higher level during the second quarter when an inflow of R67 million was recorded, compared with R56 million during the first quarter.

Because the inflow of funds of mortgage market intermediaries did not increase to any significant extent,

Building societies



conditions in the mortgage market remained tight and mortgage rates remained unchanged. New mortgage loans granted by building societies during the second quarter amounted to R228 million, which was 9 per cent less than the amount granted during the first quarter. The amount of new loans granted during July was 15 per cent lower than the monthly average for the second quarter. The new statutory investment requirements for building societies probably had an adverse effect on their mortgage lending.

Real estate transactions remained at a low level. The seasonally adjusted value of such transactions during the first half of 1977 was on average about 8 per cent lower than during the last six months of 1976.

Statements issued by the South African Reserve Bank

13 July 1977

In accordance with Article 4 of the South African Reserve Bank Amendment Act (Act No. 92 of 1977 as published in Government Gazette No. 5622 of 1 July 1977) it is no longer required of the Bank to publish a weekly statement of its assets and liabilities.

A statement of the assets and liabilities of the Bank must, however, still be released as at the end of each month and will, as in the past, be published approximately one week after the end of each calendar month.

1 September 1977

As part of the support measures for smaller banks which had experienced a withdrawal of deposits earlier this year, the Reserve Bank announced on 22 February 1977 that the five biggest banks in the country had agreed to maintain a special fund of R55 million for this purpose with the National Finance Corporation. This fund made an important contribution towards restoring confidence in the smaller banks. Loans obtained from the Fund have now been repaid in full and the scheme is consequently terminated as from today.

Notes to tables

Tables S-44 and S-45

As from May 1977, the share price indices and yields published in tables S-44 and S-45 cover all companies quoted on the Johannesburg Stock Exchange. Formerly, the indices and yields were based on statistics of a representative sample of quoted companies. In addition, the price index and yield series were recalculated from the base year, 1970. As a result, the levels of the new series differ slightly from those of the series published previously, but the trends of the new series show a close correlation with those of the previous series.

Kwartaallikse ekonomiese oorsig

Algemene opmerkings

In die Presidentsrede tydens die Reserwebank se algemene jaarvergadering op 23 Augustus en in die Reserwebank se *Jaarlikse Ekonomiese Verslag* wat voor daardie vergadering vrygestel is, is ekonomiese en monetêre ontwikkelings gedurende die jaar wat op 30 Junie 1977 geëindig het, en in sommige gevalle ook gedurende Julie en die begin van Augustus, breedvoerig bespreek. Hierdie oorsig dek derhalwe slegs die tweede kwartaal van 1977 en, afhangende van die beskikbaarheid van gegewens, ook die daaropvolgende twee maande.

Die belangrikste onlangse ekonomiese ontwikkelings kan soos volg saamgevat word:

1. Ekonomiese aanwysers, met insluiting van die kwartaalreëse van die nasionale rekeninge, toon dat die resessionêre toestande, alhoewel nog wyd verspreid, aansienlik getemper word deur 'n betreklik hoë koers van uitbreiding in ekonomiese bedrywigheid in die primêre sektore van die ekonomie.
2. Die reële bruto binnelandse produk het gedurende die tweede kwartaal van 1977 aansienlik toegeneem, nadat dit gedurende die voorafgaande twee kwartale afgeneem het. Hierdie toename is toe te skryf aan 'n styging in die reële toegevoegde waarde van die landbou-, mynbou- en dienstesektore. Die reële toegevoegde waarde van die nywerheid en handel het egter voortgegaan om te daal.
3. Die reële bruto binnelandse besteding het gedurende die tweede kwartaal 'n aansienlike verdere daling getoon vanweë afnames in die bruto binnelandse vaste en voorraadinvestering. Die reële private verbruiksbesteding het min of meer onveranderd op die vlak van die vorige kwartaal gebly en die reële owerheidsverbruiksbesteding het matig toegeneem. Teen heersende pryse het die bruto nasionale produk vir die eerste keer in vier jaar die bruto binnelandse besteding oorskry en dit is ook in 'n oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans weerspieël.
4. Die lopende rekening van die betalingsbalans het gedurende die tweede kwartaal aanmerklik verbeter. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, het die saldo op lopende rekening verander van 'n tekort van R262 miljoen in die eerste kwartaal van 1977 tot 'n oorskot van R1 277 miljoen in die tweede kwartaal. Hierdie verbetering is meegebring deur 'n verdere styging in die waarde van goedere-uitvoere en die netto goudproduksie en 'n voortgesette daling in die waarde van goedere-invoere. Die enigste grootheid op die lopende rekening wat nie verbeter het nie, was die syfer van netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld.
5. Die kapitaalrekening van die betalingsbalans het egter gedurende die tweede kwartaal verswak. Nie alleen was daar 'n verdere uitvloeiing van korttermynkapitaal nie verwant aan reserwes nie en 'n netto terugbetaling van kompenserende buitelandse lenings nie, maar ook 'n netto uitvloeiing van langtermynkapitaal. Ondanks die netto uitvloeiing van langtermynkapitaal het die basiese saldo steeds 'n oorskot getoon en die oorskot was selfs groter as in die eerste kwartaal.
6. Hoofsaaklik vanweë die nuwe goudruilooreenkomste gedurende April, het die bruto goud- en ander buitelandse reserwes gedurende die tweede kwartaal gestyg. Die netto goud- en ander buitelandse reserwes (ná aansuiwering vir die goudruilings en veranderings in laste verwant aan reserwes) het egter met slegs R13 miljoen gedaal wat baie matig was in vergelyking met die dalings wat gedurende die voorafgaande kwartale aangeteken is.
7. Die voortgesette trae toestande in die nie-primêre sektore van die ekonomie het 'n vinnige styging in werkloosheid meegebring. Aan die einde van Junie 1977 het die aantal geregistreerde werklose Blankes, Kleurlinge en Asiërs nogtans slegs 1,4 persent van die betrokke arbeidsmag beloop.
8. Nadat dit gedurende die eerste kwartaal van 1977 versnel het, het die jaarkoers van toename in sowel die verbruikers- as groothandelpryse gedurende die tweede kwartaal afgeneem. Ondanks hierdie afname bly die koers van die prysstygings nog steeds hoog.
9. Die seisoensaangesuiwerde hoeveelheid geld en kwasi-geld het gedurende die tweede kwartaal en Julie skerp toegeneem. Hierdie toename is hoofsaaklik meegebring deur 'n aansienlike styging in bankkrediet aan die private sektor. Die netto bankkrediet aan die regeringsektor het gedurende die tweede kwartaal slegs matig gestyg en gedurende Julie in werklikheid gedaal. Alhoewel die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die monetêre banksektor gedurende die tweede kwartaal taamlik aansienlik gestyg het, was hierdie verandering hoofsaaklik toe te skryf aan die goudruilooreenkomste in April, wat nie die hoeveelheid geld en kwasi-geld beïnvloed het nie.
10. Die skerp styging in bankkrediet aan die private sektor is hoofsaaklik meegebring deur 'n toename in kaskredietvoorskotte van die Landbank en, in mindere mate, deur 'n toename in beleggings in effekte van die private sektor. Die diskonteringe en voorskotte van die handelsbanke, aksepanke en monetêre huurkoop- en

algemene banke het gedurende die tweede kwartaal effens gedaal maar gedurende Julie ietwat toegeneem. Die maandelikse verhoging van $\frac{1}{2}$ persent in die plafonne op bankkrediet aan die private sektor, wat in Maart tydelik opgeskort is, is met ingang 1 September heringestel.

11. Die „reddingsboot“-fasiliteite wat in Februarie vanjaar gereël is om die klein banke wat likwiditeitsprobleme ondervind het, te steun, is aan die einde van Augustus beëindig nadat al die lenings wat kragtens die reëlings verleen is deur die betrokke banke terugbetaal is.




12. Soos in voorafgaande jare, het daar gedurende die tweede kwartaal van 1977 weer 'n seisoenale toename in skatkisuitreikings voorgekom. Die uitreikings het egter met heelwat minder as gedurende die ooreenstemmende kwartaal van 1976 gestyg. Hierteenoor het die skatkisontvangste, in vergelyking met die ooreenstemmende kwartaal van die vorige jaar, toegeneem, en die tekort wat deur middel van lenings gefinansier moes word was aanmerklik kleiner as gedurende dieselfde kwartaal 'n jaar gelede.

13. Die toestand in die vaste-rentedraende effekteafdeling van die kapitaalmark het gedurende die tweede kwartaal en die daaropvolgende twee maande opmerklik verruim. Met uitsondering van die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte, het die opbrengskoerse op alle vaste-rentedraende effekte gedaal. As gevolg van hierdie veranderings, het die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte in 'n beter verhouding tot ander opbrengskoerse te staan gekom. Die verruiming van die marktoestand het gedurende Julie en Augustus ook in die aandelemark duidelik geword en die dalende neiging in die pryse van die meeste klasse van aandele is gedurende hierdie maande omgekeer. Die verbanden vaste eiendomsafdelings van die kapitaalmark het gedurende die tydperk April tot Julie 1977 gedemp gebly.

Nasionale rekeninge*

Nadat die reële bruto binnelandse produk gedurende die vierde kwartaal van 1976 en die eerste kwartaal van 1977 gedaal het, het dit in die tweede kwartaal aansienlik toegeneem. Hierdie toename was egter byna geheel en al toe te skrywe aan 'n groot styging in die landbouproduksie wat die besonder goeie landbouoeste gedurende hierdie tydperk weerspieël het. Die

Bruto binnelandse produk teen konstante 1970-pryse



*Tensy anders aangedui is hierdie afdeling van die oorsig gebaseer op seisoensaangesuiwerde kwartaalramings van die nasionale rekeninge.

reële toegevoegde waarde van die nie-landbousektore van die ekonomie het ook gedurende die tweede kwartaal effens toegeneem, nadat dit gedurende die voorafgaande vier kwartale gedaal het. Dit was die gevolg van 'n toename in die reële toegevoegde waarde van die goudmynbou-, nie-goudmynbou- en dienste-sektore en slegs 'n gedeeltelik neutraliserende daling in die reële toegevoegde waarde van konstruksie en die groot-, klein- en motorhandel. Die fisiese volume van die fabrieksproduksie het gedurende die tweede kwartaal min of meer onveranderd gebly, nadat aansienlike afnames gedurende die vorige twee kwartale aange-teken is. Die bygaande grafiek kontrasteer die swak groeiprestasie in die handel en nywerheid met die merkwaardige groei in die primêre sektore sedert die tweede kwartaal van 1976.

Die koers van toename in die bruto binnelandse produk teen heersende pryse het gedurende die tweede kwartaal van 1977 opmerklik versnel, hoofsaaklik as gevolg van skerp toenames in landbou-inkome, groter winste van nie-goudmynboumaatskappye, hoër inkome wat deur die verhoogde tariewe vir elektrisiteit en vervoerdienste geskep is, en verhoogde indirekte belas-tings wat in die tweede kwartaal van 1977 van krag geword het. Die koers van toename in die vergoeding van werknemers het in die tweede kwartaal van 1977 effens afgeneem.



Die reële bruto binnelandse besteding het gedu-rende die tweede kwartaal van 1977 aansienlik verder afgeneem. Die reële private verbruiksbesteding het min verandering getoon en die matige toename in die reële owerheidsverbruiksbesteding is meer as geneutraliseer deur afnames in die reële bruto binnelandse vaste en voorraadinvestering.

Teen heersende pryse het die bruto nasionale pro-duk die bruto binnelandse besteding vir die eerste keer in vier jaar oorskry. Hierdie ontwikkeling is ook weer-spieël in die lopende rekening van die betalingsbalans, wat van 'n klein tekort in die eerste kwartaal na 'n taam-lik groot oorskot in die tweede kwartaal van 1977 verander het.

Die reële private verbruiksbesteding het vir drie op-eenvolgende kwartale tot die end van 1976 gedaal maar gedurende die eerste helfte van 1977 min ver-andering getoon. Toenames in reële besteding aan nie-duursame goedere (hoofsaaklik voedsel) gedurende die tweede kwartaal van 1977 is bykans geneutraliseer deur afnames in reële besteding aan persoonlike ver-voertoerusting, meubels, huishoudelike toestelle, klerasie en skoeisel. Die reële besteding aan dienste het in vergelyking met die eerste kwartaal van 1977 min verandering getoon.

Nadat die reële owerheidsverbruiksbesteding gedu-rende die voorafgaande kwartaal min of meer onver-anderd gebly het, het dit gedurende die tweede kwartaal van 1977 effens toegeneem. Voorlopige aan-duidings is dat die reële salarisse en lone min of meer op die vlak van die eerste kwartaal gebly het, maar dat

Bruto binnelandse besteding teen konstante 1970-pryse



die reële besteding aan goedere en ander dienste (in-sluitende verdedigingsuitgawes) matig toegeneem het.

Die reële vaste kapitaalbesteding deur die openbare en private sektore het gedurende die tweede kwartaal van 1977 aansienlik gedaal. Die skerp afname in die reële vaste investering deur die private sektor het oor 'n breë front voorgekom, met insluiting van die fabrieks-wese, mynbou, handel en woongeboue, maar die

afname in die geval van die openbare owerhede was beperk tot die Suid-Afrikaanse Spoorweë wat laer reële besteding aan vervoertoerusting gemaak het. Alhoewel die reële vaste investering deur openbare korporasies in die tweede kwartaal van 1977 afgeneem het, was dit nog steeds op 'n relatief hoë vlak.

Die totale waarde van reële voorrade het gedurende die tweede kwartaal van 1977 verder gedaal. Toenames in die reële diamantvoorraad en landbouvoorraad in die handel is meer as geneutraliseer deur 'n verdere skerp afname in die reële nywerheids- en handelsvoorraad. Die afname in die totale reële nie-landbouvoorraad en die matige toename in die vergelykbare reële bruto binnelandse produk het die voorraadverhouding verminder tot 32,8 persent in die tweede kwartaal van 1977, vergeleke met 34,3 persent in die eerste kwartaal en 35,8 persent in die tweede kwartaal van 1976.

Die bruto binnelandse besparing het gedurende die tweede kwartaal van 1977 verder toegeneem en vir die eerste keer in vier jaar in werklikheid die bedrag benodig om die totale vaste en voorraadinvestering te finansier, oorskry. Gevolglik kon die land se netto skuldposisie teenoor die res van die wêreld verminder word. Voorlopige aanduidings is dat al die komponente van die bruto binnelandse besparing, d.w.s. persoonlike en maatskappybesparing, die lopende surplus van die algemene owerheid en voorsiening vir waardevermindering, gedurende die tweede kwartaal van 1977 gestyg het.


Konjunktuerneigings, arbeidstoestande en pryse

Ekonomiese aanwysers, met insluiting van die kwartaalreeks van die nasionale rekeninge, bevestig dat resessionêre toestande in die Suid-Afrikaanse ekonomie voortduur, maar dat hierdie toestande getemper word deur 'n betreklik hoë koers van uitbreiding van ekonomiese bedrywigheid in die primêre sektore. In die nie-primêre sektore van die ekonomie, in die besonder die fabriekswese, handel en die boubedryf, is die toestand nog steeds traag en die aanwysers toon dat die sikliese afswaai in die ekonomiese bedrywigheid in hierdie sektore tot aan die einde van die tweede kwartaal van 1977 nog nie tot 'n einde gekom het nie. Daar is egter faktore wat moontlik daartoe kan bydra dat die einde van die afwaartse fase van die konjunktuersiklus in die nabye toekoms bereik sal word. Een van hierdie faktore is die moontlike uitwerking op die reële private verbruiksbesteding van die inkome wat deur die toename in die primêre produksie en in uitvoere geskep word. Gedurende die eerste helfte van 1977 het hierdie besteding gestabiliseer op die vlak waarnatoe dit gedurende die derde kwartaal van 1976 gedaal het. Nog 'n aanduiding van 'n terugkeer tot meer stabiele toestande is die effense verbetering in die vervaardigingsnywerheid. Nadat die seisoensaangesuiwerde volume van die fabrieksproduksie vir vier opeenvolgende kwartale afgeneem het, het dit gedurende die tweede kwartaal van 1977 effens toegeneem tot net bo die vlak van die voorafgaande kwartaal. Hierbenewens het die koers van benutting van produksiekapasiteit gedurende die tweede kwartaal effens gestyg.

Die voortgesette gedempte toestand in die nie-primêre sektore van die ekonomie het 'n verdere vin-nige toename in werkloosheid veroorsaak. So het die seisoensaangesuiwerde aantal geregistreerde werklose Blankes, Kleurlinge en Asiërs verder gestyg vanaf 24 940 in Maart 1977 tot 28 603 in Julie en 31 585 in Augustus. Alhoewel geen betroubare statistiek beskikbaar is nie, is daar aanduidings dat Swart werkloosheid gedurende die afgelope paar maande ook aanmerklik verder gestyg het.

Nadat dit gedurende die eerste kwartaal van 1977 as gevolg van 'n verhoging in staats-gedadministreerde pryse en, in 'n mindere mate, indirekte belastings versnel het, het die jaarkoers van toename in die seisoensaangesuiwerde verbruiksprysindeks van 13,3 persent in die eerste kwartaal van 1977 tot 11,8 persent in die tweede kwartaal gedaal. Met uitsondering van die pryse van meubels en toerusting, is laer koerse van toename in die pryse van alle ander goedere gedurende die tweede kwartaal aangeteken. Hoofsaaklik as gevolg van die volgehoue hoë koers van toename in bediendelone en hoër koerse van toename in vervoer- en huiseienaarskoste (uitgesonderd huur) het die koers van toename in die koste van dienste gedurende die tweede kwartaal die ooreenstemmende syfer

Volume van produksie en handel




Jaarlike persentasiekoers van verandering in die kwartaalike gemiddeldes van seisoensaangesuiwerde maandelike verbruikersprysindekse

	2 kw. 1976 tot 3 kw. 1976	3 kw. 1976 tot 4 kw. 1976	4 kw. 1976 tot 1 kw. 1977	1 kw. 1977 tot 2 kw. 1977
Dienste	9,1	10,3	9,1	10,6
Behuising	10,4	12,3	7,6	10,1
Ander	6,8	6,6	11,9	11,4
Goedere:	11,2	8,9	15,3	12,2
Voedsel	7,3	8,2	16,0	9,3
Meubels en toerusting	10,9	11,8	11,0	17,1
Klerasie en skoetsel ..	10,9	9,8	9,8	7,5
Voertuie	13,0	10,2	17,6	16,3
Ander	16,1	7,5	17,8	15,2
Totaal	10,5	9,3	13,3	11,8

vir die eerste kwartaal van 1977 oorskry. Vergeleke met dieselfde maand 'n jaar gelede het die koers van toename in die verbruikerspryse vanaf 11,7 persent in Maart tot 11,0 persent in Junie afgeneem, maar tot 11,3 persent in sowel Julie as Augustus 1977 gestyg.

Pryse

Persentasieverandering oor twaalf maande




As gevolg van 'n jaarkoers van toename van 18,2 persent in die seisoensaangesuiwerde groothandelsprysindeks van Suid-Afrikaans-vervaardigde goedere gedurende die eerste kwartaal en 'n daaropvolgende afname tot 'n jaarkoers van toename van 12,0 persent gedurende die tweede kwartaal van 1977, het die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename in die groothandelspryse van alle goedere vir binnelandse verbruik skerp gestyg tot 16,0 persent in die eerste kwartaal, maar tot 13,3 persent in die tweede kwartaal afgeneem. Die skerp styging in die koers van toename in die pryse van Suid-Afrikaans-vervaardigde goedere gedurende die eerste kwartaal is deur die hoër pryse van basiese metale en elektrisiteit meegebring. Die pryse van ingevoerde goedere, wat gedurende die tweede helfte van 1976 teen 'n betreklik lae koers toegeneem het, het gedurende die eerste en tweede kwartale van 1977 teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van 10,0 en 17,4 persent, onderskeidelik, gestyg, hoofsaaklik as gevolg van verhoogde oliepryse in die eerste kwartaal en die instelling van 'n bo-belasting van 15 persent op sekere ingevoerde goedere vanaf die tweede kwartaal. Tussen Julie 1976 en Julie 1977 het die groothandelsprysindeks vir alle goedere met 13,6 persent gestyg, teenoor 'n toename van 15,3 persent tussen Maart 1976 en Maart 1977.


Betalingsbalans

Net soos gedurende die eerste kwartaal van 1977, is daar gedurende die tweede kwartaal 'n oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans aangeteken en die betrokke syfer van R361 miljoen was opmerklik hoër as dié van R47 miljoen vir die eerste kwartaal. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers was die verbetering in die lopende rekening selfs nog meer opmerklik; die saldo het verander vanaf 'n tekort van R262

Lopende rekening van die betalingsbalans



Saldo op lopende rekening



miljoen in die eerste kwartaal na 'n oorskot van R1 277 miljoen in die tweede kwartaal. Hierdie verbetering was die netto resultaat van 'n skerp styging in goedere-uitvoere en die netto goudproduksie en 'n voortgesette daling in die waarde van goedere-invoere, wat slegs gedeeltelik deur 'n aansienlike toename in netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld geneutraliseer is.

Goedere-uitvoere het vir die vyfde opeenvolgende kwartaal toegeneem en het, teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, van R5 318 miljoen in die eerste kwartaal van 1977 tot R6 436 miljoen in die tweede kwartaal, of met 21 persent gestyg. Hierdie styging het onder 'n wye verskeidenheid kommoditeite voorgekom maar besonder skerp stygings is in die uitvoer van diamante, mielies, ystererts en steenkool aangeteken. Hierteenoor het die uitvoer van suiker gedaal vanweë 'n ooraanbod op die internasionale markte.


Goedere-invoere het 'n dalende neiging voortgesit en het, teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, van R6 860 miljoen in die eerste kwartaal van 1977 tot R6 551 miljoen in die tweede kwartaal, of met 4,5 persent, gedaal. Invoerpryse het voortgegaan om te styg, wat aandui dat daar selfs 'n nog groter daling in die volume van invoere moes voorgekom het. Die daling in die waarde van invoere was hoofsaaklik aan laer invoere van vervoertoerusting, tekstiele en mineraalprodukte toe te skryf.

Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het die netto goudproduksie van R2 478 miljoen in die eerste kwartaal tot R2 800 miljoen in die tweede kwartaal van 1977 toegeneem. Hierdie verbetering is geheel en al toe te skryf aan 'n styging van die goudprys, aangesien die netto goudproduksie teen konstante pryse die vlak van die eerste kwartaal behou het. Die gemiddelde goudprys op die Londense mark het van \$138,93 per fyn ons in die eerste kwartaal tot \$145,49 in die tweede kwartaal van 1977 gestyg. Op 'n maandbasis het die prys per fyn ons egter van 'n gemiddelde van \$149,18 in April tot \$140,73 in Junie gedaal voordat dit weer tot \$143,36 in Julie en \$144,98 in Augustus gestyg het.

In teenstelling met die verbetering in die ander groothede op die lopende rekening, het netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R1 198 miljoen in die eerste kwartaal tot R1 408 miljoen in die tweede kwartaal van 1977 toegeneem. Hierdie styging in netto onsigbare betalings aan buitelanders was grotendeels die gevolg van 'n toename in rentebetalinge op buitelandse lenings en 'n styging in vervoerbetalinge aan nie-inwoners as gevolg van hoër skeepsvratariewe.

Die aansienlike verbetering van die lopende rekening was ook verantwoordelik vir 'n gunstiger basiese saldo wat toegeneem het vanaf 'n oorskot van R195 miljoen in die eerste kwartaal tot 'n oorskot van R285 miljoen in die tweede kwartaal. Langtermynkapitaalbewegings het in werklikheid verander van 'n netto in-

Netto kapitaalbewegings



vloeiing van R148 miljoen gedurende die eerste kwartaal tot 'n netto uitvloeiing van R76 miljoen gedurende die tweede kwartaal, hoofsaaklik vanweë netto terugbetalings op buitelandse lenings deur alle sektore. In die besonder het openbare korporasies en plaaslike owerhede gedurende die afgelope kwartaal 'n netto bedrag van R61 miljoen op buitelandse lenings terugbetaal. 'n Netto uitvloeiing van korttermynkapitaal nie verwant aan reserwes nie, waarby foute en onaangeteke transaksies ingesluit is, het weer gedurende die tweede kwartaal voorgekom en R298 miljoen bedra. Die private sektor was geheel en al verantwoordelik vir hierdie uitvloeiing, aangesien 'n klein invloeiing van korttermynfondse vir die sentrale regering en banksektor en vir openbare korporasies en plaaslike owerhede aangeteken is.

Ten spyte van die netto uitvloeiing van kapitaal, het die netto goud- en ander buitelandse reserwes gedurende die tweede kwartaal slegs matig met R13 miljoen gedaal, vergeleke met 'n daling van R162 miljoen gedurende die vorige kwartaal. Hoofsaaklik as gevolg van die goudruiloorreënkomste in April, het die bruto goud- en ander buitelandse reserwes gedurende die tweede kwartaal met R92 miljoen gestyg en daardeur aan die einde van Junie 'n vlak van R873 miljoen bereik, ondanks terugbetalings op buitelandse kompenserende lenings. Daarná het die goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank gedurende Julie verder met R6 miljoen gestyg voordat dit gedurende Augustus weer met R43 miljoen gedaal het.

Monetêre en banktoestand


Die seisoensaangesuiwerde hoeveelheid geld en kwasi-geld, wat gedurende die eerste kwartaal van 1977 teen 'n jaarkoers van ongeveer 2 persent gedaal het, het gedurende die tweede kwartaal skerp met R556 miljoen, of teen 'n jaarkoers van bykans 27 persent, gestyg. Gedurende Julie is daar 'n verdere klein toename aangeteken, met die gevolg dat die koers van toename gedurende die tydperk April tot Julie 1977 ongeveer 20 persent en in die eerste sewe maande van die jaar ongeveer 10 persent beloop het. Dit vergelyk met jaarkoerse van toename van 1 persent gedurende die tweede helfte van 1976 en 9 persent vir 1976 in sy geheel.

Die groot toename van R560 miljoen in die seisoensaangesuiwerde hoeveelheid geld en kwasi-geld gedurende die tydperk April tot Julie 1977 is hoofsaaklik meegebring deur 'n aansienlike toename in bankkrediet aan die private sektor. Alhoewel die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die monetêre banksektor gedurende die tweede kwartaal met R197 miljoen gestyg het – die eerste sodanige kwartaallike styging in drie jaar – het hierdie toename gedeeltelik die goudruiloorreënkomste wat in April aangegaan is, weerspieël. Aangesien so 'n toename in die netto goud- en ander buitelandse reserwes 'n teenhanger het in groter "ander laste" van die banksektor, beïnvloed dit nie die hoeveelheid geld en kwasi-geld nie. 'n Verdere klein styging in die netto goud- en ander buitelandse reserwes het gedurende Julie voorgekom. Die netto eise teen die regeringsektor het gedurende die tweede kwartaal 'n aansienlike seisoenale toename van R593 miljoen getoon maar het ná seisoensaansuiwering met slegs R98 miljoen, d.w.s. met ongeveer 3 persent, gestyg, in vergelyking met 7 persent gedurende die eerste kwartaal van 1977. Gedurende Julie het hierdie eise in werklikheid met R55 miljoen gedaal en sodoende die verlamsaming in die koers van die kredietverlening aan die regeringsektor, wat gedurende die

Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld R miljoene





	Seisoensinvloed nie uitgeskakel nie			Seisoensinvloed uitgeskakel		
	1e kw. 1977	2e kw. 1977	Julie 1977	1e kw. 1977	2e kw. 1977	Julie 1977
Netto goud- en ander buitelandse reserwes	-202	187	17	-186	197	20
Eise teen die regeringsektor:						
Bruto eise	64	78	255
Regeringsdeposito's (toename-, afname+)	-303	515	-372
Netto eise	-239	593	-117	222	98	-55
Eise teen die private sektor	59	196	235	-12	285	254
Langtermyndeposito's (toename-, afname+)	-78	-137	3	-131	-20	12
Netto ander bates	238	-186	-260
Totale oorsake van veranderings	-222	653	-122	-38	556	4

Veranderinge in geld en kwasi-geld



Oorsake van veranderinge in geld en kwasi-geld

Veranderinge in:




*Veranderinge vanaf einde Junie 1977 tot einde Julie 1977

derde kwartaal van 1976 begin het, voortgesit. Gedurende die eerste sewe maande van 1977 het die toename in die seisoensaangesuiwerde netto eise van die banksektor teen die regeringsektor slegs R265 miljoen bedra, vergeleke met bykans R900 miljoen gedurende die ooreenstemmende tydperk van 1976. Die styging in langtermyndeposito's van die private sektor gedurende die grootste deel van die tweede helfte van 1976 en die eerste helfte van 1977 het gedurende die tweede kwartaal van 1977 verlangsamen en in Julie in werklikheid na 'n klein daling omgeslaan.

Die bankkrediet aan die private sektor, wat gedurende die eerste kwartaal van 1977 teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van minder as 1 persent gedaal het, het gedurende die tweede kwartaal teen 'n koers van 14 persent toegeneem. Gedurende Julie het dit verder toegeneem sodat die jaarkoers van uitbreiding gedurende die eerste sewe maande van die jaar ongeveer 10 persent beloop het, wat effens meer was as die toename gedurende die tweede helfte van 1976. Die hoofredes vir hierdie hernieude toename in krediet aan die private sektor was 'n styging van R87 miljoen in die bank se beleggings in effekte van die private sektor en 'n toename van R164 miljoen in die kaskredietvoorskotte van die Landbank gedurende die tweede kwartaal van 1977. Gedurende Julie het hierdie voorskotte met 'n verdere R110 miljoen of ongeveer 10 persent gestyg. Die diskonteringe en voorskotte van die handelsbanke, aksepbanke en monetêre huurkoop- en algemene banke het in werklikheid gedurende die tweede kwartaal effens met R19 miljoen afgeneem,

Veranderinge in kaskredietvoorskotte van die Landbank



maar gedurende Julie taamlik opvallend gestyg vanweë die heel aansienlike oorvolkskrywing van 'n aandele-uitgifte. Sekere banke is deur die kredietplafonne beïnvloed, alhoewel daar vir die bankstelsel in sy geheel aansienlike bedrae aan ongebruikte fasiliteite bly bestaan het. Vanaf 1 September is die maandelikse verhoging van $\frac{1}{2}$ persent in die plafonne, wat in Maart as 'n tydelike maatreël opgeskort is, heringestel. Daardie bankinstellings waarvan die gesamentlike plafonsyfers ten opsigte van diskonteringe en voorskotte en beleggings nie R10 miljoen oorskry nie, is met ingang van dieselfde datum van die plafonvereiste vrygestel.

Die oorskotlikwiditeit van bankinstellings het in April en Mei op betreklik lae vlakke gebly maar in Junie en Julie tot 'n hoër vlak gestyg, veral in die geval van die handelsbanke.

Oorskotlikwiditeitsverhoudings van bankinstellings, 1977 %

	Maart	April	Mei	Junie	Julie
Handelsbanke	1,1	2,5	2,5	4,8	3,6
Ander monetêre banke	2,0	0,9	0,6	0,5	-0,6
Ander banke	-3,0	-2,6	-2,2	-2,9	-2,2
Alle banke	1,2	1,7	1,7	3,2	2,0

Die toestand op die geldmark het gedurende Junie, Julie en Augustus verder verruim, afgesien van 'n kort tydperk teen die einde van Julie waartydens effekte-uitgiftes deur die sentrale regering gemaak is. Hoofsaaklik vanweë die seisoenale beweging van belastingfondse na die regering, het die geldmarktoestand oor die maandeinde van Augustus aansienlik vernou.

In ooreenstemming met hierdie ontwikkelings, is die banke se oorskotsaldo's by die Nasionale Finansiële korporasie gedurende die laaste deel van Julie en oor die maandeinde van Augustus feitlik uitgeput en het die banke se daggeldienings by die diskontohuise gedurende hierdie twee tydperke skerp gedaal. Die totale daggelddeposito's by die diskontohuise het van 30 Augustus tot 1 September met meer as R160 miljoen gedaal maar gedurende die volgende paar dae weer effens herstel.

Die afwaartse neiging van die koerse op private geldmarkinstrumente, wat sedert Maart voorgekom het, is gedurende die laaste deel van Julie en oor die maandeinde van Augustus tydelik tot stilstand gebring. So byvoorbeeld het die koers op verhandelbare depositosertifikate van drie maande, wat bykans onafgebroke van 10,00 persent op 18 Maart tot 8,50 persent op 8 Julie gedaal het, tot 9,00 persent op 29 Julie gestyg, gedurende Augustus weer ietwat gedaal, en daarna tot 8,80 persent op 2 September gestyg. Die skatkiswissel-tenderkoers, wat marginaal tot 7,89 persent op 22 Julie gestyg het, het tot sy vorige vlak van 7,88 persent op 12 Augustus gedaal en gedurende die daaropvolgende tydperk onveranderd gebly.



Met die doel om die binnelandse korttermynkoerse in verhouding tot dié van Suid-Afrika se vernaamste handelsvennote op gepaste vlakke te hou, het die Reserwebank gedurende Julie en Augustus voortgegaan met sy ope-markverkope van staatseffekte aan die banke, diskontohuise en sekere institusionele beleggers. Ten einde belangstelling in die weeklikse Skatkiswissel-tender aan te moedig, het die President van die Reserwebank, in sy Voorsittersrede, 'n verruiming van die marge tussen die skatkiswissel-tenderkoers en die NFK se koers vir daggelddeposito's van 15 punte na 25 punte aangekondig wat vanaf 26 Augustus van krag geword het. Die depositorentekoerse van die grootste handelsbanke het gedurende Junie, Julie en Augustus onveranderd gebly.

Staatsfinansies

Soos in die voorafgaande drie fiskale jare, is 'n seisoenale toename in die tekort op die Skatkisrekening gedurende die eerste kwartaal van die huidige fiskale jaar, d.w.s. die tydperk April tot Junie 1977, aangeteken. Die tekort van R816 miljoen (uitgesonderd lenings en skulddelging) was nietemin ongeveer R120 miljoen laer as in die ooreenstemmende kwartaal van 1976. In Julie is 'n verdere tekort van R42 miljoen aangeteken.

In ooreenstemming met die regering se beleid om gedurende die fiskale jaar 1977/78 slegs 'n matige styging in die regeringsuitgawes toe te laat, het die skatkisuitreikings gedurende die eerste kwartaal van die fiskale jaar in vergelyking met dieselfde kwartaal van die voorafgaande jaar nie enige toename getoon nie. Die skatkisontvangste, daarenteen, was ongeveer 10 per-

Skatkisrekening



sent hoër as gedurende die tydperk April tot Junie 1976. Die toename in die ontvangste gedurende die eerste kwartaal van die huidige fiskale jaar was nogtans laer as die geraamde styging van 16 persent in die regeringsinkomste vir die fiskale jaar in sy geheel. Hierdie laer koers van toename in die ontvangste was hoofsaaklik die gevolg van 'n werklike daling van 4 persent in invorderings van inkomstebelasting (met inbegrip van dié vanaf goudmyne) in vergelyking met dieselfde tydperk van die voorafgaande fiskale jaar. Die toename in die skatkisontvangste gedurende die kwartaal onder beskouing was gevolglik hoofsaaklik toe te skryf aan hoër invorderings van indirekte belasting, veral van doeaneregte wat vanaf 1 April 'n bo-belasting van 15 persent op sekere kategorieë invoere ingesluit het.

Soos in die bygaande tabel getoon word, is bykans 42 persent van die tekort op die Skatkisrekening gedurende die eerste kwartaal van die fiskale jaar deur 'n toename in die Skatkis se netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor gefinansier, ondanks betreklik groot bydraes deur die Staatskuldkommissarisse en die private nie-banksektor. Die styging van R341 miljoen in die netto eise van die monetêre banksektor teen die Skatkis gedurende die betrokke tydperk is grotendeels verklaar deur 'n daling van R286 miljoen in skatkisdeposito's. Die Staatskuldkommissarisse se netto belegging in staatskuldbewyse het R312 miljoen bedra en die private nie-banksektor het 'n bedrag van R148 miljoen, waarvan R67 miljoen verpligte leningsheffings verteenwoordig het, tot die finansiering van die skatkis-tekort bygedra.

Gedurende Julie 1977 is twee effekte-uitgiftes vir openbare inskrywing oopgestel en totale aansoeke, uitgesonderd dié van die Staatskuldkommissarisse, het R324 miljoen bedra. Aansoeke van die private nie-banksektor het meer as R180 miljoen beloop. Met ingang 15 Augustus 1977 het die Tesourie 'n nuwe reeks Tesourie-obligasies vir inskrywing deur individue beskikbaar gestel ter vervanging van die vorige Tweede Reeks Premie-obligasies. Die nuwe reeks dra belasting-

Skatkisfinansiering

R miljoene

	April – Junie	
	1976	1977
Tekort (uitgesonderd lenings en skulddelging)	936	816
Gefinansier deur:		
Binnelandse nie-bankbronne	380	461
Staatskuldkommissarisse	202	312
Betaalmeester-generaal	120	—
Private sektor	58	148
Monetêre banksektor	550	341
Buitelandse sektor	6	15
Totaal	936	816


